

# O E S T Y D

## 4de kwartaal 2013

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-beloofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

**ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA**

*Nuusbrief (Kleipot Kronieke): 14 September 2013*

Hier by ons is die verkiesing soort van verby maar die 'turmoil' van die resultate is nog 'n realiteit, daar is baie onsekerhede en vrese onder die Khmer. Op die straat is die gesprekke oor die vrese dat Kambodja die selfde pad sal loop as wat Thailand 'n paar jaar gelede geloop het. Die land se mense is feitlik in 2 verdeel as mens na die verkiesings uitslae kyk. Ek is dankbaar dat iemand die USA se waarskuwings en updates na my aanstuur - dit help om soort van te weet wanneer om nie op sekere plekke te wees nie. Gister is 'n tuisgemaakte bom en handgranate naby die parlement gevind - daar is politieke saamtrekke beplan vir 15 - 17 September

### **Veritas**

Die nuwe personeel lid doen goed - hy is gretig om te leer en Sok en Vanna doen 'n goeie werk om hom in die kantoor op te lei. Hy gaan ook saam met die manne provinsies toe om so in die veld opleiding en praktiese ervaring te kon ontvang - ons almal voel positief oor Pastor Somart.

Een van die groepe wat ons die maand mee sou begin het gekanselleer omdat 'n ander 'NGO' in dié area wil begin met opleiding en meer finansiële voordele as VNC inhou - hotel blyplek, vervoer kostes en etes.

### **My bediening uiteensetting**

**Veritas bediening** ± 3 dae (±24ure) 'n week - Ondersteuning vir Saran (proeflees van modules se korigering, ons moet nog die handboek proeflees, administrasie, opleiding aan die personeel wanneer hulle blokkasies ervaar, morele ondersteuning. Dit is 'n flexi tyd rol behalwe vir Maandae wat daar altyd personeel in die kantoor is.

**Bamboo Shoot 'bediening'**. - Die is nie 'n organisasie nie dit is net 'n naam om dinge waarby ek betrokke is in Kambodja saam te groepeer. Dit is hoofsaaklik die administrasie van fondse wat ontvang word vir Bybels, voedingskema, algemene behoeftes wat in Angdong TaÉen/Prek Pcoam voorkom asook 'n ondersteuningsrol vir Sok en Nary (kerkplanting, voedingskemas, medies, huisbouery, finansiële ondersteuning deur donateure, administrasie ens.) ± 2dae 'n maand.

**Daughters** - Ek het weer as vrywilliger begin uithelp - die keer meer amptelik in die rol van 'De-brief Counsellor - Department: Social Work' - Dinsdae en Vrydae.

In VNC (VCI) het ek soms baie alleen gevoel en bly ek maar soort van die leier waarnatoe Saran sal kom as hy probleme of uitdagings het - ook moet ek hom dikwels uitdaag om na sy manier van leierskap te kyk en om te groei - ook om soms van sy werkslas oor te neem). Almal sien my as 'teacher' wat leiding moet gee in baie gevalle. Bowenal is hulle manne en ek 'n vrou - ek het die afgelope ruk net weereens besef dat manne en vroue se wereldsiening tog groot verskille het - veral oor die emosionele aspekte. Ek is ook die meeste van die tyd alleen in die kantoor en dit het erg eensaam geraak.

**Daarom** en omdat my hart in berading is het ek by Daughters begin dien (na my aflostyd terwyl die leiers in die buiteland was); Ek is nie die 'baas' nie ek het 'n 'baas', daar is baie ander vroue, ek het ondersteuning en ek is nie alleen nie. Dit lyk ook asof die rol my sal kan help om my volgende visa te kry.

My afdae is gewoonlik oor naweke - veral Sondag wat ek laat slaap en 16:00 Kerk toe gaan - net indien julle wonder

Bid asb saam:

- Vanna se vrou is weer swanger, dat die swangerskap goed sal verloop.
- Al die personeel se gesondheid.
- Ons is besig om korrigerings aan te bring aan al die modules – dat dit baie gou afgehandel sal wees.
- Opleiding – nuwe groepe en dat geld nie deurslaggewende faktor sal wees nie maar die begeerte om God se woord te leer ken vir alle ‘Bybel studente’ in Kambodja.
- Ek is besig om met ‘n Kanadese NGO te gesels. Bid asb saam as dinge reg uitwerk sal meeste van die oumas van die Evangelie, behuising en kos van die NGO kan ontvang.
- Loof die Here vir die verskil wat Daughters maak in die lewe van vroue.
- Bid saam dat die Here my sal seën met ‘n verstaan – berading in Khmer en Sy hart vir die vroue sal hoor terwyl ek hulle dien.

### E-pos 22 Oktober 2013

Ons het waarskuwing vanaf die U.S Embassy gekry.... Baie Khmer wat ek ken woon ook die optogte by en sê dit is lekker om so saam te skreeu en teen dinge te staan. Dit is ‘n nuutjie vir onse land ek kan net bid dat die vrede wat ons die afgelope ruk in die midde van die betogings het sal voortduur – dit klink egter asof dit baie groter as voorheen sal wees.

Bid asb saam met ons:

- Dat die massa optogte vreedsaam sal dat niemand beseer sal word nie
- Dat Christene Christus sal weerspieel tydens die optogte.
- Veritas
  - Vanna moes more terug gaan provinsie toe maar ons het besluit dat hy eerder vanmiddag moet terug keer – bid asb vir hom dat hy veilig terug na Kg Chnanng sal reis – ek vermoed mense van die provinsies sal al stad toe begin kom. Hy het ook Donderdag en Vrydag ‘n groep in sy huis – bid asb dat ook dit vredevol sal afloop
  - Saran en ek in Kantoor more ons sal more oggend situasie evalueer – die betogings is nie naby ons kantoor of woonplekke nie.
  - Die ander 2 deelydse medewerkers/personeel het die groep wat die week gedoen moes word verlede week gedoen sodat hulle die week by die huis kon bly. (Ons het geweet van betoging vir more... dit sou in al die provinsies gebeur het maar baie provinsies is onder water en nou is Phnom Penh die fokus)

E-pos van 25 September 2013

Die eerste maand vd nuwe skooljaar is amper verby en 'n mens is al klaar moeg !  
Sondag het ons doop: 'n gemeentepaartjie doop hulle 4de seuntjie - hulle het ook gedog dat hulle na 3 klaar is (soos ons).

Bid vir die nuwe aankomelinge wat dit moeilik vind om by die bybelstudies betrokke te raak en ek het op d oomblik nie tyd om individuelle bybelstudies vir elkeen afsonderlik te hou nie: Jessie, Yolande, Corinne, Marie-Christine. Soos julle opmerk, mans is nogal aan d minderheid (maar oral). Selfs op ons kerkraad is d vroue in d meerderheid - wat opsigself nie 'n probleem is nie, maar ons wonder maar net hoekom d mans nie wil commit nie.

Verlede Sondagmiddag het ons 'n konsert in d plaaslike Katolieke Kerk gehou. Dit was 'n koor waarvan d lede uit d lidmate v 'n aantal Protestantse kerk vd omgewing bestaan. Hulle lofprysingsliedere gesing. Ek was nogal verras om soveel mense te sien - ongeveer 100 waarvan d meeste katolieke was.

Eerskomende Saterdag het ons ook 'n werkersdag by d kerk waartydens ons d heining vd pastorie gaan vervang. D Saterdag daarna het ons d Teologiese Kommissie en d Saterdag daarna moet ek na Toulouse toe gaan om die evaluering v 'n jongpredikant se bediening te doen.

Ons wil ook net vir julle almal baie dankie sê vir julle ondersteuning en dan ook veral finansieel. Die afgelope maande het net maar moeilik gegaan. Die skoolgelde, sportgelde, musiekgelde, assurances het dit baie gemaak. Voorheen was ons nie belastingpligtig nie. Hierdie jaar moet ons R10 000 betaal (teen 15 okt). D huidige regering is besig om verskeie gesinstoelae en -voordele te verminder of op te skort.

## **Freddie Swart skryf oor GURUE Radiobediening - MOSAMBIEK**

### Nuusbrief 29 - 6 Oktober 2013

Die volgende verwickelinge het plaasgevind rondom die radiobediening sedert ons vorige nuusbrief:

Die egpaar wat tans in die huis in Gurue woon en ons behulpsaam is met kommunikasie met die programmeerders en die algemene herstel van die toerusting het intussen nuus ontvang dat hulle moet skuif na 'n dorp langs die Malawi-meer. Joe is alreeds weg met Anita wat hom teen die einde van die maand volg. Dit stel die huis natuurlik weer beskikbaar vir iemand wat vanaf SA daar wil gaan werk.

Ons het twee potensieële kandidate (egpare) gekry om die bediening te gaan administreer. Die gedagte is om hulle na Gurue te neem om die omstandighede daar eerstehands te ervaar alvorens enige besluit geneem word. Ek en Anthonie beplan om tussen 17 en 24 November Gurue te besoek om hulle daardie geleentheid te gee en terselfdertyd al die aktiwiteite en toerusting van die bediening te evalueer. Indien nie een van die potensieële kandidate daartoe geroepe voel om daar te gaan werk nie, sal die bediening afgesluit en die toerusting na SA teruggebring word. Enigeen is welkom om die reis mee te maak solank daar van eie vervoer gebruik gemaak word.

Ons moet hierin werklik die belang en leiding van die Here soek. Daarom word elke ondersteunende gemeente en individu gevra om hierdie saak volhardend voor die Here te bring. Bid vir die kandidate en hul gades dat hulle die stem van die Here helder en duidelik mag hoor. Bid steeds vir die 4x programopstellers wat intussen voortgaan met die werk. En as die Here laat blyk dat die bediening sy doel gedien het, ons dit so sal aanvaar.

'n Informele skrywe sal uitgestuur word voordat ons die reis aanpak Gurue toe sodat julle gebede ons mag vergesel en beskerm.

### Nuusbrief 30 - 5 November 2013

Die groot vraag by elke ondersteuner is: "gaan die projek voort?" Ons wens dat ons reeds 'n klinkklare antwoord kon verskaf, maar wag nog op God om ons sy wil te toon wat ons glo sal gebeur, maar in sy goeie tyd. Intussen begin ons aanvanklike beplanning om Gurue te besoek stadigaan meer vorm aanneem. Van die twee

kandidate wat ons gehad het, het een (Charles) oorgebly wat saam met Anthonie en myself na Gurue sal reis.

Die voorlopige reisplan is as volg:

Sondag, 17 Nov: Vertrek Pretoria (04h00)

Dinsdag, 19 Nov: Arriveer Gurue (17h00)

Woensdag, 20 Nov: Vergader met programopstellers, ondersoek toerusting

Donderdag, 21 Nov: Vergader met Omwiwa Yesu Bestuur, besoek Radiostasie

Vrydag, 22 Nov: Vertrek Gurue (07h00)

Sondag, 24 Nov: Arriveer Pretoria (13h00)

Benewens die moontlikheid dat Charles hom in Gurue sal vestig, het Anthonie ook met Koos Botha (agent vir “New Holland” trekkers in Chimoio, Mosambiek) gesels wat laat weet het dat hulle maatskappy uitbrei na Gurue toe en dat hulle tydelik die huis (waarin Anthonie-hulle gebly het) gaan huur. Koos onderhandel tans met ene Francois Rauch (wat ‘n sending hart het) om as agent in Gurue vir die trekker maatskappy op te tree. Terselfdertyd sal Francois moontlik dan ook na die radiobediening kan omsien.

Hierdie gebeure noodsaak ons om in alle erns tot God te nader ten einde sy wil te wete te kom. Daarom wil ons van die geleentheid gebruik maak om al die radiobediening se ondersteuners te vra om reeds van nou af te bid en in die besonder vir:

- ◇ Ons voorbereiding, finansies, gesondheid, voertuig en veilige reise;
- ◇ Vergaderings met die programopstellers, Omwiwa Bestuur en Radiostasie se Bestuur;
- ◇ Duidelike leiding in die voortsetting of terminering van die bediening;
- ◇ Eensgesindheid onder ons driemanskap en goeie verhoudinge onder alle omstandighede;
- ◇ Goeie gesindheid by grensposte; asook
- ◇ Beskerming teen geestelike magte en malaria.

Sonder julle gebede kan ons net sowel by die huis bly. Daarom kan ons dit nie genoeg beklemtoon dat daar daagliks vir ons ingetree moet word voor God nie. Hierdie is nie ons saak nie, maar God se saak. Hy sal besluit of die bediening sy doel gedien het of nie. Bid dus dat ons binne sy wil sal bly in totale afhanklikheid van sy leiding.

Met ons terugkeer, soos God dit wil, sal ons dan aan julle bekend maak wat ons ervaar het van God se leiding op die pad vorentoe.

# LAUDIUM

## Verslag oor die aktiwiteite van die “Laudium Outreach Group” - Oktober 2013

### 1. Uitreike op Maandag- en Donderdagaande

Ons is so dankbaar teenoor die Here vir elkeen wat – soms net eenmalig – kom help om die Evangelie van Jesus in Laudium uit te dra. Ons is baie bewus daarvan dat die Here ons in besonder seën met geleenthede om die Evangelie van Jesus, sonder vrees vir vervolging, daar uit te dra, en ons wil net elke geleentheid benut om dit te doen. Ons voorbidding in hierdie verband is:-

1. Dat die Here die “sluier van die verstand” wat keer dat mense die waarheid van Jesus se soendood sal verstaan, sal wegneem, en “dat mense vir Jesus sal sien”.
2. Dat die Here in Sy kinders se harte ‘n begeerte sal werk om die Verlossing wat hulle van Hom ontvang het, ook met ander te deel – selfs ook in Laudium.
3. Dat diegene wat nie self in staat is om te gaan nie, as ‘n voorbidders-korps sal optree wat vir ons intree – net soos Moses, toe hy sy hande in die lug gehou het terwyl die manskappe daar in die vallei geveg het. En ons lees dat terwyl sy hande omhoog gehou is, is die oorlog gewen. Bid asb. vir ons.

### 2. Die DVD Biblioteek en Bybelverspreiding

Die DVD-Biblioteek is nog volstroom aan die gang, en ons het besluit om ‘n klompie nuwe titels tot die biblioteek toe te voeg. Ons vind nog steeds dat dit ‘n ideale metode is om die Evangelie, deur middel van ‘n verhaal tot in mense se sitkamers in te dra. Bid ook dat die Here hierdie onderneming besonderlik sal seën. Dit bied ook aan diegene wat die DVDs uitneem, ‘n ideale geleentheid om hul vriende en familie aan Jesus voor te stel. Ons sal graag, indien moontlik, gedurende die komende jaar ons DVD verskeidenheid verder wil uitbrei.

Die Bybel-verspreiding word steeds gedoen op ‘n basis waar Bybels teen ‘n gesubsidieerde basis aan die publiek beskikbaar gestel word. Dit is pragtig om self kinders op ‘n Sondag oggend met hulle Bybels te sien kerk toe kom.

### 3. Finansiële Steun

Ons wil net weereens vir die NG Kerk Rietfontein baie dankie sê vir die finansiële steun wat hulle aan hierdie verleen. Ons sou beslis baie minder kon doen daarsonder. Mag die Here julle somer ryklik seën vir julle aktiewe bydrae aan hierdie aksie. Ons waardeer julle.

Ons dank die Here vir elkeen wat hierdie werk - op watse wyse ookal – veral deur gereelde voorbidding – ondersteun, en in staat stel om met ons werksaamhede voort te gaan. Mag die Here van die Here op julle rus.

#### Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Ek is steeds besig om op die Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. **Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.**

*Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg.*

**Bly asseblief aanhou bid vir nog geleenthede by gemeentes vir die res van die jaar.**

Indien u deurlopend (so een keer in die loop van 'n week/2 weke) terugvoer wil kry via sms en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

**Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.**

***Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:***

Hier volg inligting aangaande die Pokrovets family, wat maar een van vele gesinne is wat moeilike omstandighede beleef en in wie se lewe Borge via SSG 'n groot verskil maak.



*Natalia het dikwels drome na 'n lang dag van harde werk. In haar drome dra haar familie mooi klere. Hulle het almal warm jasse en stewels. Hulle leef saam in 'n groot huis en gaan kerk toe. Die kinders is gelukkig en vol vreugde... Natalia glimlag ... Sy droom nog steeds ...*

*Toe sy wakker word, sien sy 'n heeltemaal ander prentjie. Dit is 'n koue oggend in hul tweevertrek huis en die houtstoof moet nog aangesteek word. Natalia staan op en gaan haal hout buite. Terwyl sy deur die kamer loop, sien sy die verflenterde muurpapier, die donker kolle op die plafon, die plek waar 'n nuwe oond eintlik moet staan. Meer drome ...*

*Natalia Pokrovets is 'n weduwee. Sy maak haar sewe kinders, Rooms (19), Sergiy (17), Anhelina (11), Anna (10), die tweeling Vasyl en Mariya (5) en Ivanka (4), alleen groot. Haar man is vyf jaar gelede oorlede. Die lewe saam met hom was moeilik aangesien hy 'n alkoholis was. Natalia het destyds in Rusland gaan werk om geld te verdien. Sy het hard gewerk, maar die goeie wat daaruit gekom het was dat sy Christene daar ontmoet het.*

*Twee jaar gelede het 'n tragedie plaasgevind. Terwyl Natalia die mure van haar buurman se huis geverf het, het sy van 'n stoel afgeval. Sy het deur die venster geval en haar regterhand op die gebreekte glas gesny. Die sny was verskriklik. Die dokters het alles gedoen sodat sy die gebruik van haar hand kon behou, maar haar vingers kan nie oopbuig nie. Nou is haar regterhand onbruikbaar en Natalia kan nie werk nie.*

*Na afloop van die tragedie was Natalia moedeloos. Hulle het dringend inkomste nodig gehad! Daarby ly haar seun Vasyl aan epilepsie. Hy het sulke slegte aanvalle beleef dat hy nou skeel is. Die seun het ook 'n swak hart.*

*Daar is egter nog meer probleme. 'n Jaar gelede het die gesin verhuis en hul nuwe huis moet opgeknop word. Daar was 'n gasstoof, maar dit werk nie en die ouer seuns het 'n houtstoof gebou. Hulle wil graag die mure, die plafon, die vloer en die hele kombuis opknop, asook 'n badkamer bou. Dit sal 'n klomp geld kos, wat hulle nie het nie.*

*Natalia se drome weerspieël haar hoop vir 'n beter lewe. Die hardwerkende vrou glo dat God haar familie nooit in die steek sal laat nie.*

*Nou dat haar familie in die F2F program ingeskryf is, sal hulle op 'n gereelde basis kospakkies ontvang. Sending Sonder Grense sal ook deur middel van die OWR-(Operasie Winter) veldtog warm stewels en baadjies aan die gesin besorg. Met hierdie hulp sal hulle in staat wees om geld te spaar om hul huis op te knop en en kan hulle hoop vir 'n beter lewe, net soos in Natalia se drome.*

## e-Saaier van die Bybelgenootskap

*Oktober 2013*

### Die China waarvan min mense hoor

Michael Perreau, die Direkteur-generaal van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, 'n familie van 146 Bybelgenootskappe wat in 200 lande en gebiede werksaam is, het China onlangs besoek en hy skryf soos volg:

Lang rye mense wat wag om kerk toe te gaan, preke wat met die hulp van luidsprekers in 'n besige openbare gebied uitgesaai word ... dit is maar twee van die buitengewone dinge wat ek tydens 'n onlangse besoek aan China ervaar het.

Ek het op uitnodiging van China se "State Administration for Religious Affairs (SARA)" die land saam met kollegas van sewe Bybelgenootskappe besoek. Hierdie was 'n belangrike amptelike besoek wat ons gehelp het om ons verhouding met SARA verder te verstewig. Hierdie verhouding het ons in staat gestel om saam met die Kerk in China sedert 1987 meer as 100 miljoen Bybels op die Amity drukpers in Nanjing te druk.

Van Beijing na Nanjing en toe verder na Shanghai het ons die geleentheid gekry om belangrike Chinese kerkleiers van die Chinese Christenraad (China se Protestantse Kerk) en ook van die Katolieke Kerk te ontmoet. Dit was wonderlik om van hulle te verneem hoe die Kerk in China groei en oor die rol van die Bybel hierin.

Maar dat ek dit vir myself kon sien, was definitief onvergeetlik. Ek sal nooit die lang rye mense vergeet wat wag om een van die ses Sondagdienste by die Haidian Kerk in Beijing by te woon nie. Die kerk wat in die besige IT-distrik van die stad geleë is, lok ongeveer 1 000 mense na elke diens. Sowat 600 kan in die kerk self vergader, terwyl nog 'n paar honderd mense in die kelder sit en die diens op 'n groot skerm volg. Selfs dit is nie genoeg nie – baie meer sit of staan buite en luister na die diens wat oor luidsprekers uitgesaai word. Vir my was dit ongelooflik – daar in die besige IT-distrik van China se hoofstad word die evangelie hard en duidelik uitgesaai!

Dit was ook wonderlik om China se Christene op 'n ander manier, deur die Bybel- en mediese voertuigbediening, in aksie te sien. Bybelgenootskappe het hierdie voertuie aan verskeie Chinese provinsies voorsien, maar dit is plaaslike Christenvrywilligers, insluitende verpleegsters en dokters, wat die gemeenskappe besoek om gratis mediese hulp te verleen. In Boading, 'n stad in die Hebei Provinsie, het honderde mense tougestaan buite 'n tent met 'n banier wat lui: "Gesondheidsondersoeke en medisyne van Christene". En die blydskap op die gesigte van diegene wat Bybels van een van die plaaslike kerke ontvang het, het vir my alles gesê.

Tydens ons besoek aan die land se nasionale en grootste teologiese seminarium – Nanjing Verenigde Teologiese Seminarium – het ek 'n interessante feit gehoor wat baie mense mag verbaas: die kampus en geboue waar 500 toekomstige kerkleiers, predikante en onderwysers elke jaar besig is met opleiding, is deur die Chinese regering betaal! Dit het hulle sowat 16 miljoen Amerikaanse dollar gekos! Dit is die China waarvan min mense hoor.

Op my pad huis toe het ook oor China nagedink en ek kon nie anders as om die Here te dank dat Hy waarlik aan die werk is in hierdie land waar die evangelie nie so lank gelede nog verbode was nie.

### Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy  
Sending Sonder Grense  
Koerde

Ds Leon Tait  
012-333 2470

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Stanwin Street  
079 525 5695  
Carl de Beer  
083 443 9256

Mosambiek radiostasie

Japie en Ena le Grange  
012-331 3953

Gebedsketting  
Laudium

Alet Briers  
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen  
084 652 8773  
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

#### **Taakspan vir Sending**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerkkantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.

By voorbaat dank, Sending taakspan